DF Fokus 11/2009

HOËRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145 **E-pos**: dfm@telkomsa.net
Faks: 041-5813118 **Datum:** 07 Oktober 2009

****

GELUKWENSINGE

Hartlik geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

Oos Kaap Jeugkoor: Jolene Davis is weer opgeneem as 'n lid van die Oos Kaap Jeugkoor.

OP Kleure: Jason van Zyl, Shanice van Vuuren en Tertius Badenhorst het OP kleure in Jukskei verwerf. Hulle gaan ook die Oostelike Provinsie verteenwoordig in die SA Junior Jukskei Kampioenskappe te Kroonstad.

Amateur Boks: Justin Bezuidenhout is gekies om die Oostelike Provinsie te

ALGOA BUSDIENSTE

Ons het 'n versoek van Algoa Busdienste rakende hulle nuwe busdiensstelsel. Tans gaan hulle net gebruik maak van die "Super Bus-Pass"-stelsel en sal alle kontantstelsels uitfaseer word. Daar is egter kinders wat bedrog pleeg deur van gefotokopieerde kaartjies gebruik te maak. Sou hulle gevang word, sal daar onmiddellik teen hulle opgetree word en sal hulle aan die polisie oorhandig word. Die enkel kaartjie het 'n tydsperiode wat 'n 3-uur speling toelaat. Dit gebeur egter dat van die kaartjies aangepas moet word. U kan hul tolvry nr skakel by 080 1421 444 sodat die nodige reëlings rondom die kaartjie gedoen kan word.

PERSONEEL

Mnr Notuko wat sedert 2006 aan ons personeel verbonde was, het ons in verlede kwartaal verlaat nadat hy 'n departementele pos by 'n ander skool gekry het. Ons sê welkom aan me Lindelwa Sambu wat aan die begin van hierdie kwartaal by ons aangesluit het .

BELANGRIKE DATUMS - 4DE KWARTAAL

OKTOBER

5 - Skool heropen. Inspeksie Somerdrag. Begin Afrikaansweek
7 - 1ste span Seunskrieket vs St. Dominic's Pro 20 (T)
8 - 1ste span Dogterskrieket vs VP (T)
9 - VCSV Uitreik Laerskool Fontein
- Rugby afsluitingsbraai Johannes Roets Sentrum (Paviljoen saal)
- 1ste Span Seunskrieket Pro 20 toernooi op Despatch
- Afrikaans sokkie
10 - VCSV Wakkerbly
- 1ste Span Seunskrieket Pro 20 toernooi op Despatch
12 - Graad 12 ontvang rapporte
13 - 1ste span Dogterskrieket vs Pearson (W)
14 - Kabaret konsert, 2de Seunskrieket vs Framesby (T), o/14 Seunskrieket vs Grey (W)
15 - Graad 8 - 11 ontvang rapporte
16 - Bloedskenk
17 - VCSV Matriekafskeid, 1ste Seunskrieket vs Uitenhage (T)
20 - 1ste span Dogterskrieket vs Uitenhage (T)
21 - Kultuurprysuitdeling, 2de Seunskrieket vs VP (W), O/14 Seunskrieket vs HTS Newton (T)
22 - Matriekprysuitdeling en -afskeid
23 - Pretdag vir leerders
24 - 1ste span Seunskrieket vs Nico Malan (T)
27 - 1ste span Dogterskrieket vs Linkside (W)
28 - Graad 12 eksamen begin, 2de Seunskrieket vs Westview (T), o/14 Seunskrieket vs Pearson (W)
31 - 1ste Seunskrieket vs Otto du Plessis (W)

NOVEMBER

2 - Gr 11 - eksamen begin
4 - 2de Seunskrieket vs Kirkwood (W), o/14 Seunskrieket vs Nico Malan (T)
9 - Gr 8 en 10 - eksamen begin (voorlopig)
12—Begrotingsvergadering Ouers
16 - Graag 9 eksamen begin.

DESEMBER

11 - Skool sluit

UITSLAE

FIETSWEDREN: Marinus Prinsloo het in die Makro Fietswedren die 1ste plek behaal in die 90 km vir So/16 en 'n goue medalje ontvang, en in die NMMU/Mecer fietswedren die 2de plek in die 45 km in die gelisensieerde seuns afdeling.

SKAAK: DF vs VP : wen 4-3.

GOUE GEDAGTES

Daar is drie kernbestanddele vir geluk: iets om te doen, iets om lief te hê en iets om voor te hoop.
-Joseph Addison

Vriendelike DF groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF